**F.A. VAN JAARSVELD: AFRIKANER GESKIEDSKRYWING: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS.** LEX PATRIA, JOHANNESBURG, 1992. 280 bladsye. R40-70.

Hierdie bundeling van 'n verskeidenheid opstelle oor die Afrikaanse geskiedskrywing bevat oorwegend reeds bekende geskrifte. Net vyf van die sestien opstelle het nog nie voorheen in druk verskyn nie. Soos die subtitel aandui, het sommige met die ouere geskiedskrywing te doen (Van Oordt, Preller, Du Toit Spies), die oorgrote meerderheid met die huidige stand en problematiek van die geskiedskrywing en eintlik net een (gedeeltelik) met die toekoms. Dit handel oor die Afrikaanse geskiedskrywing maar gee in enkele opstelle 'n opgaaf van die jongste ontwikkelinge in die kontinentale, veral Duitse, geskiedskrywing weer.

Dit is op die terrein van die wisselwerking met die kontinentale strominge dat prof. Van Jaarsveld sy unieke bydrae as verkenner en vertolker gelewer het.

Sy belangstelling in en kennis van die Duitse en Nederlandse historiografie het hom in staat gestel om 'n groot bevrugtende rol in die Afrikaanse geskiedskrywing te speel. Sy studies het die aandag op die nuutste tendense in die Europese geskiedskrywing en die betekenis daarvan vir die Afrikaanse geskiedskrywing gevestig. Op hierdie wyse kon hy 'n bydrae lewer om nuwe tematiek en nuwe benaderingswyses vir nagraadse studente oop te maak. Dit het die Afrikaanse geskiedskrywing verryk.

'n Mens hoef net na twee voorbeelde te verwys. Dit is sy werk oor die problematiek van verstedeliking wat 'n belangstelling in stedelike geskiedenis by nagraadse studente gewek het. Dit het beslag gevind in nagraadse studies oor Johannesburg, Vereeniging, Carletonville en Port Elizabeth. Sy belangstelling in die werk van die Franse Annales het tot sy stimulerende bydraes oor die vraag of Geskiedenis kultuur-, geestes- of sosiale wetenskap is, gelei.

Twee probleemaspekte van Van Jaarsveld se werk is die vraag na die konsekwentheid van sy visie en standpunte en die implikasies van sy dikwels begeesterde aanpak van 'n onderwerp wat 'n mens die indruk gee dat die onderwerp hom somtyds meevoer in plaas daarvan dat hy die onderwerp in 'n konstante en konsekwente geheelvisie inbind. Die twee probleemgebiede hou verband met mekaar en beïnvloed mekaar wedersyds al is dit besonder moeilik om te bepaal wie kom eerste.

'n Enkele voorbeeld ter illustrasie van hierdie standpunt. Wanneer jy opstelle 11 tot 16 lees dan word jy bewus van hoe Van Jaarsveld se geesdriftige betrokkenheid by die tema toeneem sodat jy later nie altyd kan bepaal of hy kampvegter is of nie. Netso is dit moeilik om te bepaal wat, volgens hom, die eintlike vorm van geskiedskrywing is. Wanneer hy oor Geskiedenis as sosiale wetenskap skryf, wek hy die indruk dat hy 'n kampvegter is vir die standpunt dat dít nou die eintlike geldige vorm van geskiedskrywing is. Maar dan is hy ewe eens entoesiasties oor die herstel van die verhalende geskiedskrywing as die wesenlike van geskiedskrywing. In sy opstel oor die politieke geskiedenis kry mens weer die indruk dat hy 'n terugkeer na die politieke geskiedenis, wat hy in sy entoesiasme vir die sosiale geskiedenis as eensydig en beperkend afgemaak het, as 'n soort bedevaart verwelkom.

Hierdie twee kritiese opmerkings doen geen afbreuk aan Van Jaarsveld se breë visie op en sy wydse belesenheid in die Geskiedenis nie. Sy intellektuele greep en stilistiese aanslag verseker dat sy bydraes nie net deur baie gelees word nie, maar ook as tekste by teoretiese studies gebruik word.

S.J.J.